

INSTITUUT VIR ARBEIDSEKONOMIEAVORSING MM-127

# Die werksituasie van veeartse In die Republiek van Suid- Afrika

Gerrle J. Cilliers



RGN-HSRC

001.3072068 HSRC MM 127

# BIBLIOTEEK LIBRARY

## RGN

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

## HSRC

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN-HSRC



SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE  
CENTRE FOR LIBRARY AND  
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

12 DEC 1988			
-------------	--	--	--

0 0 0 2 3 0 1 8 2 8



001.3072068 HSRC MM 127



\* 2 3 0 1 8 2 \*



Die werksituasie  
van veeartse in die  
Republiek van Suid-  
Afrika



Verslag MM-127

# Die werksituasie van veeartse in die Republiek van Suid- Afrika

Gerrie J. Cilliers

**RGN BIBLIOTEK**  
1989 8. 28.  
**HSRC LIBRARY**

STANDKODE  
001.3072068

AANWINSNOMMER

HSRC MM 127

081187

Gerrie J. Cilliers, D.Phil.

Instituut vir Arbeidsekononienavorsing  
Uitvoerende Direkteur: J.H. Beukes

ISBN 0 7969 0767 6

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1989

Gedruk en uitgegee deur die RGN  
Pretoriusstraat 134, Pretoria



## INHOUD

	Bladsy
HOOFSTUK 1 : INLEIDING	
1.1 Agtergrond	1
1.1.1 Inleiding	1
1.1.2 Doel met die ondersoek	1
1.2 Navorsingsontwerp	2
1.2.1 Inleiding	2
1.2.2 Die respondentegroep	2
1.2.3 Vraelys	2
HOOFSTUK 2 : BIOGRAFIESE BESKRYWING VAN RESPONDENTEGROEP	
2.1 Werkgewers	4
2.2 Veeartse	4
2.2.1 Ouderdom, geslag, bevolkingsgroep en huistaal	4
2.2.2 Kwalifikasiepeil	7
2.2.3 Beroepsbeoefening	8
HOOFSTUK 3 : PRAKTISERENDE VEEARTSE	
3.1 Inleiding	12
3.2 Private praktyke	12
3.3 Kliënte en pasiënte	14
3.4 Verwagte veranderinge in die vraag na veeartsenykundige dienste	16
3.5 Studiebedrywigheede	22
3.6 Werkaktiwiteite	22
HOOFSTUK 4 VRAAG NA EN AANBOD VAN VEEARTSE EN VERWANTE BEROEPSBEOEFENAARS	
4.1 Inleiding	26
4.2 Aanbod van veeartse	26
4.3 Vraag na veeartse	31
4.4 Vraag na en aanbod van veeartsenykundige assistente	36

## HOOFSTUK 5 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Beroepsbeoefening	37
5.2 Vraag en aanbod	37
BRONNELYS	40

**TABELLE**

Bladsy

2.1	OUDERDOM VAN VEEARTSE IN ONDERSOEGGROEP	
	(a) VOLGENS BEROEPSKATEGORIE	6
	(b) VOLGENS GESLAG	6
2.2	KWALIFIKASIEPEIL VAN VEEARTSE WAT BY UNIVERSITEIT VAN PRETORIA STUDEER HET VOLGENS JAARTAL VAN KWALIFISERING	8
2.3	KWALIFIKASIEPEIL VAN VEEARTSE WAT BY OORSEESE UNIVERSITEITE STUDEER HET VOLGENS JAARTAL VAN KWALIFISERING	8
3.1	FASILITEITE VERBONDE AAN PRIVATEPRAKTYKE	12
3.2	PRAKTYKE BINNE 'N RADUIS VAN 30 KILOMETER VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	13
3.3	PRAKTYKE BINNE 'N RADIUS VAN 30 KILOMETER MET HOSPITALE, KLINIEKE OF SLEGS SPREEKKAMERS VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	13
3.4	KLIËNTE VAN VEEARTSE IN 1982 en 1987 VOLGENS AREA	14
3.5	PASIËNTE VAN VEEARTSE IN 1982 en 1987 VOLGENS AREA	15
3.6	AARD VAN PASIËNTEBEAHDDELING IN 1982 EN 1987 VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	16
3.7	MATE VAN VERANDERING WAT VEEARTSE VERWAG IN AARD VAN DIENSTE EN BEVOLKINGSGROEP VAN KLIËNTE	
	(a) VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	18
	(b) VOLGENS AARD VAN DIENS WAT TANS GELEWER WORD	18
3.8	REDES WAT VEEARTSE AANVOER VIR VERWAGTE UITBREIDING VAN DIENSTE	
	(a) VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	19
	(b) VOLGENS AARD VAN DIENS WAT TANS GELEWER WORD	20
3.9	REDES WAT WERKGEWERS AANVOER VIR VERWAGTE UITBREIDING VAN HULLE DIENSTE	21
3.10	KWALIFIKASIES WAARVOOR RESPONDENTE STUDEER	22
3.11	GEMIDDELDE PERSENTASIE TYD PER MAAND WAT DEUR VOLTYDSE VEEARTSE AAN WERKAKTIWITEITE BESTEE WORD	
	(a) PRIVAATPRAKTISYNS VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	23
	(b) WERKNEMERS VOLGENS WERKGEWER	24
4.1	GETAL VEEARTSE IN DIE RSA VOLGENS MANNEKRAGOPNAMES	27
4.2	GETAL BLANKE PERSONE WAT 'N GRAAD IN VEEARTSENYKUNDE ONTVANG HET	27
4.3	VEEGETALLE IN DIE RSA EN SELFREGERENDE STATE	31
4.4	GERAAMDE GROEI IN VRAAG NA VOLTYDSE VEEARTSENYKUNDIGE WERKNEMERS (1982-2000)	33
4.5	BESKIKBARE EN VAKANTE POSTE VIR VOLTYDSE VEEARTSENYKUNDIGE WERKNEMERS VOLGENS SEKTOR	34
4.6	PERSENTASIE JAARLIKSE SAAMGESTELDE KONTINUE GROEI	34
4.7	FAKTORE WAT DAARTOE BYDRA DAT WERKGEWERS NIE VAKATURES KAN VUL NIE	35

**FIGURE**

Bladsy

2.1	WERKGEWERS EN POTENSIEËLE WERKGEWERS WAT VRAELYS INGEVUL HET	5
2.2	WERKSITUASIE VAN RESPONDENTE	10
2.3	WERKGEWERS VAN VEEARTSE	11
3.1	VERDELING VAN AARD VAN PASIËNTEBEHANDELING VOLGENS GEOGRAFIESE AREA	17
4.1	GETAL VOLTYDSE POSTE VIR VEEARTSE 1982 - 1987 - 1995	28
4.2	VERWAGTE GROEI IN GETAL STUDENTE WAT GRAAD IN VEEARTSENYKUNDE SAL BEHAAL	29
4.3	RAMING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN VEEARTSE IN 2000	30

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 AGTERGROND

#### 1.1.1 Inleiding

Beplanning vir die voorsiening van opleidingsfasiliteite en vir dienste wat deur die owerheid gelewer word sowel as vir professionele dienste in die privaatsektor, hang ten nouste saam met behoeftes wat in 'n gemeenskap bestaan. In 'n ontwikkelende samelewing soos dié van die RSA is dit nodig dat nie net van tyd tot tyd gekyk word na die bestaande situasie en behoeftes nie, maar dat 'n vooruitskouing gemaak word van moontlike uitbreiding en veranderinge wat die vraag na bepaalde dienste kan beïnvloed. Gedurende die sewentigerjare het 'n opname wat deur die SA Vereniging vir Veeartsenykundige Dienste gedoen is, aan die lig gebring dat daar 'n groot tekort aan veeartse in veral die owerheidsektor en ook meer bepaald op die platteland is. Veeartsenykundige dienste word egter beïnvloed deur boerderymetodes en ekonomiese en sosiale toestande in die samelewing. Ontwikkeling, verandering en klemverskuiwing bring ook mee dat behoeftes ten opsigte van die vraag na en aanbod van veeartse gedurende die verloop van 'n dekade baie kan verander.

Om 'n aanduiding te kry van veranderinge en tendense in die beroep het die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad die RGN gedurende 1987 versoek om ondersoek in te stel na die huidige situasie in die professie en ramings te maak van die toekomstige vraag na en aanbod van veeartse. Volgens Wise en Kushman (1985 : 3) kan 'n mannekragstudie van die veeartsenykundige professie uit verskillende benaderings gedoen word: (a) 'n behoeftegebaseerde benadering; (b) 'n historiese tendensbenadering; (c) 'n regressie-vooruitskattingsbenadering en (d) 'n ekonometriese model-benadering. Met beperkte tyd, fondse en gegevens beskikbaar was die historiese tendensbenadering die enigste moontlike model wat vir hierdie ondersoek gebruik kon word. Op grond van enkele syfers wat beskikbaar was, is in beperkte mate ook van die regressie-vooruitskattingsbenadering gebruikgemaak.

#### 1.1.2 Doel met die ondersoek

Die doel met die ondersoek was om

- (a) die huidige situasie in die beroep vas te stel,
- (b) te bepaal wat die persepsie van sowel werkgewers as veeartse oor moontlike veranderinge in die beroepsituasie is en
- (c) 'n raming te maak van die verwagte vraag na en aanbod van veeartse.

## 1.2 NAVORSINGSONTWERP

### 1.2.1 Inleiding

In oorleg met 'n projektkomitee van deskundiges wat deur die Veterinêre Raad aangewys is, is knelpunte in die beroep geïdentifiseer. Hieruit het geblyk dat die ondersoek vanuit verskillende invalshoeke benader sou moes word. Om die huidige situasie in die beroep vas te stel, is 'n opname sowel by werkgewers wat veeartsenykundige dienste lewer, as by praktiserende veeartse gedoen. Die gegewens wat so ingesamel is, is in verband gebring met beskikbare data. Onderhoude is met kundiges gevoer en 'n literatuurstudie is gedoen.

### 1.2.2 Die respondentegroep

Met die oog op 'n breë oorsig oor die huidige stand in die beroep en 'n toekomspektief is drie groepe respondente in die ondersoek betrek.

- (a) Werkgewers van veeartse, veeartsenykundige tegnisi en veeartsenykundige verpleegkundiges (alle geregistreerde veeartsenypraktike + 100 ander werkgewers). In samewerking met die projektkomitee is 'n adreslys van werkgewers saamgestel. Staatsdepartemente, plaaslike owerhede, navorsingsinstellings, nywerhede, ko-operasies en dierebeskermingsverenigings is onder andere hierby ingesluit. Omdat dit egter nie bekend was watter van die veeartse in privaatpraktike ook werkgewers was nie, is 'n werkgewervraelys aan alle veeartse gestuur.
- (b) Praktiserende (selfgeëmplojeerdes en werknemers) en nie-praktiserende veeartsenykundiges (1621). Sowel veeartse wat by die Veterinêre Raad geregistreer is as dié wie se name op die RGN-register van gegraduateerdes voorkom, is in die ondersoek betrek.
- (c) Veeartsenykunde studente in hulle finale studiejear (103). Alle veeartsenykundestudente in hulle finale studiejear is versoek om 'n vraelys in te vul.

Bruikbare vraelyste is van 276 werkgewers, 1102 (68 %) veeartse en 31 studente terug ontvang. Die verslag gaan oor die eerste twee groepe respondente, omdat die gegewens van die 31 studente nie voldoende was om veralgemenings op grond daarvan te maak nie.

### 1.2.3 Vraelys

Drie afsonderlike posvraelyste vir die drie groepe is in samewerking met die projektkomitee opgestel. Die vraelys aan werkgewers het hoofsaaklik die getal gevulde en vakante poste vir veeartse, veeartsenykundige tegnisi en verpleegkundiges op 'n bepaalde tydstip ondersoek. Werkgewers is ook versoek om aan te dui watter veranderinge hulle in hulle dienste en indiensnemingstruktuur voorsien en wat die moontlike redes vir die veranderinge is.

Die vraelys aan veeartse is in vyf afdelings ingedeel.

- (a) Biografiese besonderhede.
- (b) Beroepsbeoefening : vrae om te bepaal of die respondent ekonomies aktief is en indien wel, watter beroep hy beoefen en wie sy werkgewer is, is in hierdie afdeling gestel.
- (c) Private praktyk : vrae oor die aard, grootte en ligging van die praktyk moes in hierdie afdeling beantwoord word.
- (d) Die vierde afdeling het gehandel oor toekomsverwagtinge.
- (e) In die laaste afdeling moes besonderhede oor werkaktiwiteite verstrekk word.

Die derde vraelys wat deur studente beantwoord moes word, het benewens biografiese besonderhede, vrae oor motivering en toekomsverwagtinge ingesluit.

## HOOFSTUK 2

### BIOGRAFIESE BESKRYWING VAN RESPONDENTEGROEP

#### 2.1 WERKGEWERS

Werkgewers is in die ondersoek ingesluit om 'n aanduiding te kry van die getal veeartse, veeartsenykundige tegnisi en verpleegkundiges wat as werknemers by organisasies en in private praktyke in diens is. Die toekomsverwagtinge van werkgewers is ook vasgestel om te bepaal wat die verwagte moontlike uitbreiding of inkrimping van dienste is. Hoewel laasgenoemde inligting moeilik kwantifiseerbaar is, kan dit 'n aanduiding van verwagte tendense verskaf. Die werkgewers wat vraelyste teruggestuur het word in figuur 2.1 aangedui.

Van hierdie werkgewers het 73 (26,4 %) te kenne gegee dat hulle nie veeartse in diens het nie, maar meer as die helfte van hulle (58,9 %) het aangedui dat hulle binne die volgende vyf jaar beoog om veeartse in diens te neem.

#### 2.2 VEEARTSE

Om die huidige werksituasie van veeartse te bepaal, was dit nodig om soveel as moontlik praktiserende veeartse in die ondersoek in te sluit. Daar is egter ook gepoog om vas te stel hoeveel gekwalifiseerde veeartse nie praktiseer nie, wat hulle huidige werksituasie is en waarom hulle nie die beroep waarvoor hulle opgelei is, beoefen nie. Die biografiese besonderhede van gekwalifiseerde veeartse gee 'n beeld van die huidige aanbod en wat die onmiddellike toekomstige aanbod moontlik kan wees.

Van die 1621 vraelyste wat uitgestuur is, het 459 (28,3 %) glad nie en 33 (2,0 %) onafgelewer teruggekom. Van die 1158 wat terug ontvang is, is aangedui dat 50 (4,3 %) tydens die ondersoek oorsee was (sommige het geëmigreer en ander studeer oorsee), 3 het aangedui dat hulle pensioenarisse is en het nie die vraelys ingevul nie en 3 is intussen (sedert die registeradreslys saamgestel is) oorlede. Van die 1102 vraelyste wat ingevul is, was 'n verdere 5 % pensioenarisse, 13 (1 %) was voltydse huisvroue en 90 (8,3 %) het 'n ander beroep gevolg.


##### 2.2.1 Ouderdom, geslag, bevolkingsgroep en huistaal.

Die ouderdom van die 1102 respondente wat die vraelys ingevul het, het gewissel van 22 tot 87 jaar (tabel 2.1).



FIGUUR 2.1

WERKGEWERS EN POTENSIELE WERKGEWERS WAT  
VRAELYS INGEVUL HET



TABEL 2.1  
 OUDERDOM VAN VEEARTSE IN ONDERSOEK  
 (a) Volgens beroepskategorie

	Pensioe- narisse		Huisvrou		Werknemer		Selfgeëm- plojeerd		Ander beroep		Totaal	
	N	%	N	%	%		%		%		%	
22-30 jaar			3		202	41,3	65	14,6	27	30,0	297	27,3
31-35 jaar			7		56	11,4	99	22,3	8	8,9	170	15,6
36-40 jaar			1		49	10,0	90	20,3	8	8,9	148	13,6
41-45 jaar			1		59	12,1	82	18,5	13	14,4	155	14,2
46-50 jaar			1		39	8,0	47	10,6	12	13,3	99	9,1
51-55 jaar			-		33	6,8	29	6,5	7	7,8	69	6,3
56-65 jaar	16	30,2	-		48	9,8	29	6,6	13	14,4	106	9,7
66 jaar en ouer	37	69,8	-		3	0,6	3	0,7	2	2,2	45	4,1
<b>TOTAAL</b>	<b>53</b>	<b>100</b>	<b>13*</b>		<b>489</b>	<b>100</b>	<b>444</b>	<b>100</b>	<b>90</b>	<b>100</b>	<b>1089</b>	<b>100</b>
Q1	60		31		25		33		29		30	
Mediaan	67		34		35		39		42		39	
Q3	80		36		46		46		51		48	

Ongespesifiseerd 13

\* Getal te klein vir berekening van persentasies

(b) Volgens geslag

Ouderdom	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
22-30	238	24,7	60	46,9	298	27,3
31-35	141	14,6	30	23,4	171	15,7
36-40	133	13,8	15	11,7	148	13,6
41-45	149	15,5	8	6,3	157	14,4
46-50	94	9,8	6	4,7	100	9,2
51-55	62	6,4	7	5,5	69	6,3
56-65	101	10,5	1	0,8	102	9,4
66 en ouer	45	4,7	1	0,8	46	4,2
<b>TOTAAL</b>	<b>963</b>	<b>100</b>	<b>128</b>	<b>100</b>	<b>1091</b>	<b>100</b>
Q1	31		27		30	
Mediaan	40		32		39	
Q3	49		38		48	

Ongespesifiseerd 11

Die mediaanouderdom van veeartse is betreklik laag. Daar kan dus normaalweg verwag word dat groot getalle werknemers nie binnekort die beroep sal verlaat as gevolg van bereiking van pensioenouderdom nie. Die helfte van die privaatpraktiserendes het ook nog 'n lang potensiële werktyd in vooruitsig. Vroulike veeartse is relatief jonk; waarskynlik vanweë die feit dat vroue eers in die afgelope dekade in groter getalle tot die beroep toegetree het.

Daar was só min respondente van ander as blanke bevolkingsgroepe (slegs 8) dat verdelings volgens bevolkingsgroep nie gedoen word nie.

### 2.2.2 Kwalifikasiepeil

Die respondente is nie versoek om besonderhede oor hulle kwalifikasies te verstrek nie maar op die RGN se Register van Gegradueerdes is besonderhede van 1025 persone wat 'n kwalifikasie in veeartsenykunde behaal het. Volgens die gegewens is die universiteitsgrade wat veeartse behaal het soos in tabel 2.3 aangedui volgens die jaartal waarin hulle gekwalifiseer het. (Die Register verteenwoordig ongeveer 60 % van alle gegradueerdes in die RSA).

Volgens tabelle 2.2 en 2.3 was daar 'n aansienlike styging in die getal veeartse wat jaarliks gekwalifiseer het. Volgens berekening moet daar ongeveer 1 800 gekwalifiseerde veeartse in die RSA wees.

TABEL 2.2

KWALIFIKASIEPEIL VAN VEEARTSE WAT BY UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
STUDEER HET VOLGENS JAARTAL VAN KWALIFISERING

Hoogste universi- teitsgraad	Voor 1960		1961-70		1971-80		1981-86		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
B.V.Sc	128	92,7	149	89,2	257	77,6	285	75,1	819	80,7
B.V.Sc. Hons.			2	1,2	6	1,8	6	1,6	14	1,4
Ander Hons.-graad			3	1,8	31	9,4	51	13,4	85	8,4
M.Med. Vet.			3	1,8	23	6,9	27	7,1	53	5,2
Ander M.-graad							4	1,1	4	0,4
D.V.Sc.	9	6,5	6	3,6	10	3,0	6	1,6	31	3,1
Ander D.-graad	1	0,7	4	2,4	4	1,2			9	0,9
<b>TOTAAL</b>	<b>138</b>	<b>100</b>	<b>167</b>	<b>100</b>	<b>331</b>	<b>100</b>	<b>379</b>	<b>100</b>	<b>1015</b>	<b>100</b>

Ongespesifiseerd 10

TABEL 2.3

KWALIFIKASIEPEIL VAN VEEARTSE WAT AAN OORSESE UNIVERSITEITE  
STUDEER HET VOLGENS JAARTAL VAN KWALIFISERING

Hoogste universi- teitsgraad	Voor 1960		1961-70		1971-80		1981-86		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
B.V.Sc	5	18,5	8	38,1	3	6,7	3	10,3	19	15,6
Ander B.-graad	8	29,6	1	4,8					9	7,4
B.V.Sc. Hons.	5	18,5	4	19,0	7	15,6	7	24,1	23	18,8
Ander Hons.-graad	1	3,7	1	4,8	7	15,6	1	3,4	10	8,2
M.-graad	1	3,7	4	19,0	20	44,4	15	51,7	40	32,8
D.V.Sc.	7	25,9	2	9,5	4	8,9	2	6,9	15	12,3
Ander D.-graad			1	4,8	4	8,9	1	3,4	6	4,9
<b>TOTAAL</b>	<b>27</b>	<b>100</b>	<b>21</b>	<b>100</b>	<b>45</b>	<b>100</b>	<b>29</b>	<b>100</b>	<b>122</b>	<b>100</b>

### 2.2.3 Beroepsbeoefening

Enkele vrae is in die vraelys ingesluit om vas te stel of respondente ekonomies aktief is, en indien wel, wat hulle huidige werksituasie is. Volgens figuur 2.2 het minder as die helfte van die respondente (40,6 %) 'n eie praktyk en werk voltyds of deelyds daarin. Van die 447 wat aangedui het dat hulle selfgeëmployeerd is, het meer as 'n derde (36,7%) 'n eenmanpraktyk, byna die helfte (48,5 %) werk voltyds in 'n vennootskapspraktyk, 6,5 % is selfgeëmployeerd in 'n ander beroep en werk deelyds as veerarts, 3,3 % is huisvroue en werk deelyds as

selfgeëmplojeerde veearts terwyl 4,7 % deelyds in eie praktyk en deelyds by 'n organisasie werk.

Van die werknemers (44,6 % van die groep) het die oorgrote meerderheid (95,1 %) voltyds gewerk. Die helfte van die werknemers werk in die owerheidsektor, terwyl een uit elke vyf in semi-staatsinstellings soos universiteite en landboubeheerrade, en 'n kwart in die privaatsektor werk (figuur 2.3).


Een persent (21) van die respondente het deels hul eie praktyk gehad en deels vir 'n werkgewer gewerk. Een uit elke drie van hulle was deelydse dosente en een uit elke vyf het deelyds by 'n Dierbeskermingsvereniging diens gedoen (vraag 2.1 III).

Byna die helfte (42,8 %) van die 55 respondente wat pensioenarisse is, het sedert 1985 uitgetree. Agt van die 13 huisvroue het te kenne gegee dat hulle beoog om weer as veeartse te praktiseer en vier van hulle wou reeds in 1988 weer begin om hulle professie te beoefen. Die grootste enkele persentasie (28,3 %) van die 90 respondente wat 'n ander beroep as dié van veearts beoefen het, was boere, 7,6 % het 'n besigheid, 7,6 % is dosente in 'n ander fakulteit as dié van veeartsenykunde, 7,6 % beoefen geen beroep nie, 5,4 % is direkteure van maatskappye en 15,2 % is dienspligtiges. Die res beoefen 'n groot verskeidenheid van beroepe. Meer as drie kwart (77,6 %) van die veeartse wat ander beroepe beoefen, het aangedui dat hulle hul veeartsenykennis in hulle beroep benut. Die belangrikste redes wat hulle aanvoer waarom hulle nie as veeartse werk nie, is in volgorde van frekwensie: het ander belangstelling (20,2 %), kry nie voldoende werksbevrediging in 'n veeartsenyberoep nie (17,9 %), moet militêre diensplig doen (15,5 %), 'n veearts-praktyk is nie lonend nie (9,5 %), en daar is geen aanvraag vir veeartse nie (6,0 %).

Minder as 'n derde (30,1 %) van die veeartse wat ander werk doen, is van plan om weer as veeartse te praktiseer, 37,3 % is beslis nie van plan om tot die professie terug te keer nie en 'n derde (32,5 %) is onseker. Die wat wil terugkeer, wil dit meestal binne die volgende twee jaar doen (dit is waarskynlik die dienspligtiges wat binne twee jaar hulle diensplig voltooi).


Die res van die verslag handel hoofsaaklik oor inligting wat verkry is van praktiserende veeartse (selfgeëmplojeerdes en werknemers) en werkgewers.

FIGUUR 2.2  
WERKSITUASIE VAN RESPONDENTE



FIGUUR 2.3

WERKGEWERS VAN VEEARTSE



## HOOFSTUK 3

### PRAKTISERENDE VEEARTSE

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word enkele aspekte van die werksaamhede van veeartse wat tans praktiseer, bespreek. Soos aangetoon in paragraaf 2.2, was 93,6 % van die respondente tydens die ondersoek ekonomies bedrywig en van hulle was 933 (90,7 %) voltyds of deelyds as veearts werksaam, 544 in privaatpraktyk en 558 in diens van die owerheid of ander werkgewers.

#### 3.2 PRIVATE PRAKTYKE

Ongeveer 41 % (447) van die respondente was voltyds of deelyds werksaam as selfgeëmplojeerdes in 'n private veeartsenykundige praktyk, terwyl 'n verdere 6,0% in diens geneem is by privaatpraktyke. Van diegene wat selfgeëmplojeerd was, was 164 (36,7 %) in eenmanpraktyke en 48,5 % in vennootskapspraktyke waarin gemiddeld 2,9 veeartse werksaam was (vennote en assistente). In stedelike gebiede is daar gemiddeld meer veeartse per praktyk (3,6) as in plattelandse gebiede (2,8) terwyl die praktyke wat in semi-stedelike gebiede geleë is in die algemeen die grootste is (4,3). Van die 544 respondente wat aangedui het dat hulle in privaatpraktyk is, het 46,4 % aangedui dat daar 'n dierehospitaal aan die praktyk verbonde is, 43,4 % 'n kliniek en 16,2 % het slegs spreekkamers. Omdat meer as een veearts per praktyk 'n vraelys kon invul, dui hierdie syfers nie noodwendig op die verspreiding van praktyke met die betrokke fasiliteite nie. In tabel 3.1 word aangedui hoe die hospitale, klinieke en spreekkamers tussen stedelike en plattelandse praktisyns versprei is.

TABEL 3.1  
FASILITEITE VERBONDE AAN PRIVAATPRAKTYKE  
(N=getal respondente wat fasiliteite aangedui het)

Fasiliteit	Stedelik N=226		Platteland N=223		Semi-stedelik N=21		Totaal N=470	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Hospitaal	127	56,2	81	36,3	10	47,6	218	46,4
Kliniek	118	52,2	97	43,5	12	57,1	227	48,3
Slegs spreekkamers	23	10,2	58	26,0	4	19,0	85	18,1

Ongespesifiseerd 74



Uit tabel 3.1 blyk dat 18,6 % van die stedelike en 5,6 % van die plattelandse praktisyns sowel 'n hospitaal as 'n kliniek tot hulle beskikking het. Die respondente in privaatpraktyke is min of meer eweredig verdeel tussen landelike en stedelike praktyke : 48,1 % stedelik, 47,4 % plattelands en 4,5 % semi-stedelik. Respondente is versoek om aan te dui hoeveel praktyke daar in hulle onmiddellike omgewing is. Ongeveer driekwart (73,3 %) van die respondente in privaatpraktyk (selfgeëmplojeerdes en werknemers) het aangedui dat die praktyk waarby hulle betrokke is nie die enigste binne 'n radius van ongeveer 30 kilometer is nie. Die getal praktyke binne so 'n radius wissel van gemiddeld 2 tot 20. Omdat respondente slegs die getal praktyke aangedui het waarvan hulle bewus is, is die getalle nie 'n akkurate weergawe van praktyke binne 'n radius van 30 kilometer nie, maar is slegs 'n orde-aanduiding.

TABEL 3.2

PRAKTYKE BINNE 'N RADIUS VAN 30 KILOMETER VOLGENS GEOGRAFIESE AREA

Geografiese area	N	Gemiddelde getal praktyke tans per 30 Km-radius	Praktyke gedurende 1982-1987 geopen (Gemiddeld)
Stedelik	226	20	5
Semi-stedelik	21	11	4

TABEL 3.3

PRAKTYKE BINNE 'N RADIUS VAN 30 KILOMETER MET HOSPITALE, KLINIEKE OF SLEGS SPREEKKAMERS VOLGENS GEOGRAFIESE AREA

Geografiese area	Hospitale	Klinieke	Slegs spreekkamers
	Gemiddelde getal	Gemiddelde getal	Gemiddelde getal
Stedelik	8	11	4
Platteland	1	2	1
Semi-stedelik	5	6	5

Die aard van die beskikbare dienste hang saam met die beskikbare fasiliteite. Respondente het aangedui watter fasiliteite binne 'n radius van 30 kilometer vanaf hul eie praktyk beskikbaar is. Hierdie gegewens word in tabel 3.3 volgens geografiese area verstrekk. Dit blyk dat daar in stedelike gebiede relatief meer praktyke met kliniek- en hospitaalfasiliteite is as in semi-stedelike en plattelandse gebiede. Op die platteland is daar vir elke praktyk wat net 'n spreek-

kamer het twee wat 'n kliniek het en een wat 'n hospitaal het, terwyl die verhouding in die stedelike areas 1:2,75:2 is.

### 3.3 KLIËNTE EN PASIËNTE

In die lig van die ekonomiese en sosiale ontwikkelinge in die afgelope dekades in die RSA is dit vir die professie, met die oog op beplanning vir die toekoms, belangrik om te weet of daar veranderinge in die vraag na veeartsenykundige dienste plaagevind het. In 'n ondersoek wat in die VSA gedoen is (Wise & Kushman, 1984 : 690), word die gevolgtrekking gemaak dat groter per capita inkomste, 'n hoër opvoedkundige peil en verstedeliking in die algemeen daartoe lei dat minder troeteldiere per capita aangehou word. Die scenario wat vir die sosiaal-ekonomiese situasie van die RSA vir die jaar 2000 in vooruitsig gestel word, naamlik 'n hoër per capita inkomste, 'n hoër opvoedkundige peil vir die hele bevolking en 'n groot mate van verstedeliking van veral die swart bevolking kan dus nie sonder meer aanvaar word as 'n aanduiding van 'n groter vraag na veeartsenykundige dienste in stedelike gebiede nie. Die gegewens in die onderhawige ondersoek bevestig dan ook dat die verstedeliking wat oor die afgelope vyf jaar plaasgevind het nie tot groot veranderinge in die vraag na veeartsenykundige dienste gelei het nie.

Die oorgrote meerderheid van die respondente (94 %) het aangedui dat meer as 75 % van hulle kliënte blankes is. Gedurende die afgelope vyf jaar het daar 'n minimale verandering gekom in die proporsionele verdeling van kliënte volgens bevolkingsgroep (tabel 3.4).

TABEL 3.4  
KLIËNTE VAN VEEARTSE IN 1982 en 1987 VOLGENS GEOGRAFIESE AREA

Bevolkings- groep van kliënte	Stedelik N=224*		Platteland N=208*		Totaal N=447	
	1982	1987	1982	1987	1982	1987
	%*	%*	%*	%*	%*	%*
Asiër	2,9	3,9	1,2	1,3	2,0	2,6
Blank	93,6	91,1	94,7	92,4	94,1	91,7
Kleurling	2,1	2,9	1,9	3,0	2,0	3,0
Swart	1,4	2,1	2,3	3,3	1,9	2,7
<b>TOTAAL</b>	100	100	100	100	100	100

\*\* Getal respondente wat vraag beantwoord het

\* Gemiddelde persentasie\*

Ongespesifiseerd 97

TABEL 3.5

## PASIËNTE VAN VEEARTSE IN 1982 en 1987 VOLGENS AREA

Pasiënte	Stedelik N=218**		Platteland N=210**		Semi-stede- lik N=19**		Totaal N=447**	
	1982	1987	1982	1987	1982	1987	1982	1987
	%*	%*	%*	%*	%*	%*	%*	%*
Melkbeeste	4,6	2,5	28,4	26,3	16,6	13,3	17,4	14,3
Vleisbeeste	1,1	0,7	13,4	12,9	7,2	6,6	7,7	6,7
Voerkraal- beeste	0,5	0,4	1,4	1,2	1,4	1,7	1,0	0,8
Skape/bokke/ varke	1,3	0,9	7,0	10,7	2,4	2,7	4,3	5,7
Resiesperde	3,3	2,9	6,3	6,2	5,5	4,5	4,9	4,5
Ontspannings- perde	2,6	2,4	3,3	3,8	8,1	6,7	3,2	3,3
Pluimvee	0,3	0,7	0,7	0,8			0,5	0,7
Honde	53,8	55,2	29,0	27,6	37,4	44,7	40,2	40,5
Katte	30,5	31,8	9,7	9,2	18,9	17,6	19,1	19,9
Ander troe- teldiere	2,1	2,6	0,9	1,3	2,5	2,2	1,5	3,6

\*\* Getal respondente wat vraag beantwoord het

\* Gemiddelde persentasie

Wise en Kushman (1985 : 9) meen dat die interaksie tussen klein- en grootdierepraktyk in algemene praktyke die groot getal gemengde veeartsenykundige praktyke verklaar. "On the other hand, equine services represent a relatively small and specialized, but economically important segment of the private practice market. Demands for small animal, large animal, and equine veterinary services arise in different ways and from different social and economic forces". Volgens die gegewens in die onderhawige ondersoek was daar sowel in 1982 as in 1987 in stedelike en semi-stedelike areas slegs 7,1 % en op die platteland slegs 5,8 % van die respondente wat byna uitsluitlik honde en katte as hulle pasiëntelading gehad het (d.w.s. waar minder as 5 % van hulle pasiënte groot diere was). Daar was nie 'n enkele stedelike praktisyn nie en slegs 3,8 % van die plattelandse praktisyns wat hoofsaaklik groot diere op hul pasiëntelading het. Die oorgrote meerderheid van die respondente behandel dus 'n verskeidenheid van diere. Dit blyk dat daar ook nie wesenlike veranderinge in die afgelope vyf jaar gekom het in die persentuele samestelling van veeartse se pasiëntelading nie. Daar was wel 'n geringe afname gedurende die vyf jaar in die persentasie wat melkbeeste van die pasiëntelading uitgemaak het en 'n geringe toename in stede in die proporsie wat honde van die getal pasiënte van praktisyns uitmaak.

TABEL 3.6

AARD VAN PASIËNTEBEHANDELING IN 1982 EN 1987 VOLGENS GEOGRAFIESE AREA

Behandeling	Stedelik N=205**		Platteland N=208**		Semi- stedelik N=19**		Totaal N=432**	
	1982	1987	1982	1987	1982	1987	1982	1987
	%*	%*	%*	%*	%*	%*	%*	%*
Kuddes	7,3	5,5	27,4	38,0	22,8	24,5	18,5	22,4
Enkel diere	92,7	94,5	72,6	62,0	78,2	75,4	81,5	77,6
<b>TOTAAL</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>

\*\* Getal respondente wat die vraag beantwoord het

\* Gemiddelde persentasie


Hoewel die verhouding tussen kuddebehandeling en die behandeling van enkel diere deur stedelike praktisyns redelik konstant gebly het sedert 1982, was daar 'n wesentlike verandering in die aard van behandeling in plattelandse gebiede wat meer kuddegeoriënteerd is as vyf jaar gelede. Die verwagting is dat hierdie tendens sal voortduur soos in die volgende paragrawe aangetoon sal word.

#### 3.4 VERWAGTE VERANDERINGE IN DIE VRAAG NA VEEARTSENYKUNDIGE DIENSTE

Veranderinge in die soort dienste wat veeartse verwag om in die nabye toekoms te lewer, kan 'n invloed hê op die vraag na bepaalde spesialiste en aldus die opleidingsbehoefte vir veeartse beïnvloed. Veranderinge in praktykvoering kan ook bepaal of meer of minder veeartse nodig is om die dienste te lewer. Om 'n aanduiding te kry van die soort veranderinge in die vraag na veeartsenykundige dienste wat respondente verwag, is hulle versoek om op 'n vyfpunt-skaal (5=groot mate ; 1=min) aan te dui in watter mate hulle veranderinge verwag ten opsigte van die aard van hulle dienste en die bevolkingsgroep van hulle kliënte. Hierdie gegewens word in tabel 3.7 aangedui volgens geografiese area en volgens die aard van die werk wat respondente tans doen. Dit blyk dat daar in 'n effens groter mate verandering in die aard van die dienste as in die bevolkingsgroep van die kliënte verwag word.

FIGUUR 3.1

VERDELING VAN AARD VAN PASIENTEBEHANDELING VOLGENS GEOGRAFIESE AREA



TABEL 3.7

## MATE VAN VERANDERING WAT VEEARTSE VERWAG IN AARD VAN DIENSTE EN BEVOLKINGSGROEP VAN KLIËNTE

(a) Volgens geografiese area

	Stedelik		Platteland		Semi-stedelik	
	N=226*		N=223*		N=21*	
Verandering verwag in:	N	x	N	x	N	x
aard van dienste bevolkingsgroep van kliënte	64	2,8	94	3,3	5	2,2
	60	2,6	85	2,1	5	2,8

\* Getal respondente in kategorie

(b) Volgens aard van diens wat tans gelewer word

	Staatsveeartsenydiens		Private veeartsenydiens		Opleiding		Navorsing	
	N=132**		N=102**		N=53**		N=107**	
Verandering verwag in:	N	x	N	x	N	x	N	x
aard van dienste bevolkingsgroep van kliënte	22	3,7	22	3,3	12	3,7	12	3,8
	16	3,2	20	2,0	12	2,5	10	2,7

\*\* Getal respondente wat soort diens van werkgewer aangedui het

Respondente in owerheidsdiens en dié wat gemoeid is met opleiding verwag in 'n effens groter mate as ander veeartse dat verandering in die bevolkingsgroep aan wie hulle diens lewer, verantwoordelik sal wees vir veranderinge wat hulle in hulle werk voorsien. Meervoudige variansie-analise is op die data toegepas om vas te stel of daar beduidende korrelasies is tussen geografiese area en soort diens wat veeartse lewer en hulle sienswyse oor verandering. Geen betekenisvolle korrelasies kon egter vasgestel word nie.

Minder as 'n derde van die werkgewers wat vraelyste ingevul het, het aangedui dat hulle veranderinge in die soort dienste wat hulle tans lewer, verwag. Een uit elke vyf (19,5 %) (veral privaat praktyke) beplan om hulle dienste uit te brei ten einde 'n groter verskeidenheid dienste te lewer. 'n Groter mate van kuddebehandeling is ook 'n verandering wat deur 'n groep van hulle beplan word. 'n Groot verskeidenheid van ander veranderinge word onderskeidelik deur klein persentasies van die werkgewers beoog.

Van die 622 individuele veeartse wat meen dat daar geen verandering in hulle soort dienste sal kom nie, het 23 % aangedui dat hulle wel

uitbreiding van hulle dienste verwag. Een uit elke drie (35 %) van die respondente in stedelike praktyke verwag uitbreiding van dieselfde soort dienste as wat hulle tans lewer, terwyl byna die helfte (48 %) van die plattelandse en semi-stedelike dienste waarskynlik sal uitbrei. Die redes wat respondente aanvoer vir die verwagte uitbreiding van hulle dienste word in tabel 3.8 aangedui.

TABEL 3.8

REDES WAT VEEARTSE AANVOER VIR VERWAGTE UITBREIDING VAN DIENSTE

(a) Volgens geografiese area

Redes vir verwagte uitbreiding	Stedelik en semi-stedelik		Platteland		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Bevolkingsgroei	34	32,1	21	16,4	55	23,5
Uitbreiding van praktyk/mpy/organisasie	24	22,6	5	3,9	29	12,4
Groter waardering vir die dienste van die veearts	6	5,7	13	10,2	19	8,1
Groter kuddegeoriënteerdheid	5	4,7	49	38,3	54	23,1
Publieke aanvraag	16	15,1	7	5,5	23	9,8
Welvaartverhoging	1	0,9	4	3,1	5	2,1
Meer gespesialiseerde dienste	10	9,4	5	3,9	15	6,4
Groter behoefte aan navorsing			1	0,8	1	0,4
Verbeterde boerderypraktyke	2	1,9	6	4,7	8	3,4
Toename in opleidingbehoefte en spesialisering	2	1,9	3	2,3	5	2,1
Uitbreiding van voorkomende geneeskundige dienste	1	0,9	4	3,1	5	2,1
Ander diverse	5	4,7	10	7,8	15	6,4
<b>TOTAAL</b>	<b>106</b>	<b>100</b>	<b>128</b>	<b>100</b>	<b>234</b>	<b>100</b>

Bevolkingsgroei en groter kuddegeoriënteerdheid is die twee uitstaande faktore wat respondente meen, sal lei tot uitbreiding van hulle dienste. Laasgenoemde het veral betrekking op plattelandse veeartse.

TABEL 3.8

(b) Volgens aard van diens wat tans gelewer word

Redes vir verwagte uitbreiding	Staats-veeartsenydiens		Private veeartsenydiens		Opleiding		Navorsing		Ander diverse dienste	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Bevolkingsgroei	1	1,9	9	20,0			3	5,8	1	4,0
Uitbreiding van praktyk/mpy/organisasie	5	9,6	9	20,0	1	3,7	3	5,8	6	24,0
Groter publieke waardering vir dienste van veearts	16	30,8	7	15,6	2	7,4	2	3,8	1	4,0
Groter kuddegeoriënteerdheid	3	5,8	4	8,9	2	7,4	3	5,8	8	32,0
Publieke aanvraag	1	1,9	3	6,7	4	14,8	3	5,8	1	4,0
Welvaartverhoging	4	7,7	1	2,2	3	11,1	1	1,9		
Meer gespesialiseerde dienste	6	11,5	2	4,4	1	3,7	11	21,2	2	8,0
Groter behoefte aan navorsing							14	26,9		
Verbeterde boerderypraktyke	3	5,8					1	1,9	4	16,0
Toename in opleidingbehoefte en spesialisering	2	3,9			13	48,2	9	17,3		
Uitbreiding van voorkomende geneeskundige dienste	4	7,7	3	6,7						
Ander diverse	7	13,5	7	15,6	1	3,7	2	3,8	2	8,0
<b>TOTAAL</b>	<b>52</b>	<b>100</b>	<b>45</b>	<b>100</b>	<b>27</b>	<b>100</b>	<b>52</b>	<b>100</b>	<b>25</b>	<b>100</b>

Ongeveer die helfte van die werkgewers (49,6 %) het aangedui dat hulle uitbreiding in dieselfde soort dienste as wat hulle tans lewer verwag. Hierdie uitbreiding sal noodwendig die vraag na veeartse beïnvloed. Die redes vir uitbreiding wat deur werkgewers beplan word, word in tabel 3.9 weergegee.



TABEL 3.9

## REDES WAT WERKGEWERS AANVOER VIR VERWAGTE UITBREIDING VAN HULLE DIENSTE

Redes vir verwagte uitbreiding	Staats-departemente		Privaat-praktyke		Ander		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Ekonomiese en sosiale ontwikkeling	1	3,8	29	53,7	3	9,7	33	29,7
Verbeterde boerderymetodes/ intensifisering van boerdery	8	30,8	15	27,8	7	22,6	30	27,0
Organisatoriese verbetering/ uitbreiding	5	19,2	4	7,4	6	19,4	15	13,5
Behoeftte aan navorsing en konsulterende dienste	6	23,1	2	3,7	6	19,4	14	12,6
Opleidingsbehoefte	1	3,8			1	3,2	2	1,8
Ander diverse redes	5	19,2	4	7,4	8	25,8	17	15,3
<b>TOTAAL</b>	<b>26</b>	<b>100</b>	<b>54</b>	<b>100</b>	<b>31</b>	<b>100</b>	<b>111</b>	<b>100</b>

Meer as die helfte (53,7 %) van die werkgewers in privaatpraktyk skryf die verwagte uitbreiding van hulle praktyke toe aan ekonomiese en sosiale ontwikkeling in die land. Verbeterde boerderymetodes en intensifisering van boerdery sal volgens respondente waarskynlik verantwoordelik wees vir uitbreiding in staats-veeartsenydienste.

'n Kwart van die respondente wat nie uitbreiding verwag nie, het aangedui dat hulle 'n afname in die vraag na hulle dienste verwag. Die belangrikste redes wat deur werkgewers in privaatpraktyk aangevoer word vir 'n verwagte afname, is inflasie, die hoë koste van veeartsenymedisyn, die swak ekonomie, kompetisie en die ooraanbod van veeartse. Stedelike veeartse voel veral bedreig deur die ooraanbod van veeartse en groter kompetisie. Op die platteland speel die swak ekonomie en die hoë koste van veeartsenymedisyn en ook kompetisie 'n belangrike rol in die pessimisme van veeartse. Veeartse in die staatsdiens en in diens van plaaslike owerhede wat meen die vraag na hulle dienste sal afneem, skryf dit toe aan die regeringsbeleid van privatisering en groter kompetisie vanuit die privaatsektor. Veeartse met 'n eie private praktyk verwag in die algemeen nie 'n afname in die vraag na hulle dienste nie, omdat hulle meen dat veeartsenykundige dienste noodsaaklik is in die gemeenskap en daar steeds groei in hulle praktyke is as gevolg van die toenemende bewustheid van die dienste wat deur 'n veearts gelewer word en die gevolglike vraag na sodanige dienste. Bevolkingsgroei dra ook daartoe by dat private praktyke stabiel bly. Ander redes wat in mindere mate genoem is, is die behoefte by mense om troeteldiere aan te hou, die verskaffing van 'n hoë kwaliteit en omvattende diens, en veranderde boerderymetodes.

### 3.5 STUDIEBEDRYWIGHEDE

Respondente is versoek om aan te dui of hulle besig is om hulle kwalifikasies te verbeter en in watter rigting hulle studeer. Van die 939 praktiserende veeartse was 146 (16 %) tydens die ondersoek besig met formele studie. Slegs 8 % van die selfgeëmployeerdes het formeel studeer, terwyl een uit elke vyf van die veeartse wat werknemers was, besig was om hulle kwalifikasies aan te vul.

TABEL 3.10  
KWALIFIKASIES WAARVOOR RESPONDENTE STUDEER

Kwalifikasie	Selfgeëmployeerdes		Werknemers in owerheidsektor		Werknemers in privaatsektor		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Doktorsgraad in Veeartsenykunde	7	19,4	8	22,2	20	31,2	35	25,7
Magistergraad in Veeartsenykunde	12	33,3	14	38,9	36	56,2	62	45,6
B.V.Sc. Hons.	5	13,9	5	13,9	5	7,8	15	11,0
B.Comm.	6	16,7			1	1,6	7	5,1
Bestuurskwalifikasie (MBA)	1	2,8	4	11,1	1	1,6	6	4,4
Ander diverse	5	13,9	5	13,9	1	1,6	11	8,1
<b>TOTAAL</b>	<b>36</b>	<b>100</b>	<b>36</b>	<b>100</b>	<b>64</b>	<b>100</b>	<b>136</b>	<b>100</b>

Ongespesifiseerd 8

'n Redelike groot persentasie (71,3 %) van die respondente wat formeel verder studeer, is besig met navorsing vir 'n D.- of M.-graad in veeartsenykunde. Die spesialiteitsrigtings wat die meeste genoem is, is diereproduksie, chirurgie en ortopedie.

Veeartse in privaatpraktyk het waarskynlik 'n groter behoefte aan kennis van finansies en ekonomie, vandaar die relatief groter persentasie wat 'n B.Comm.-kursus neem, terwyl werknemers in ander organisasies meer konsentreer op bestuurskwalifikasies met die oog op bevordering. Werknemers het waarskynlik meer geleentheid vir navorsing en nagraadse studie met die oog op die verwerwing van 'n meesters- of doktorsgraad (17,9 % van hulle is besig met nagraadse studie in die veeartsenykunde teenoor 5,4 % van die selfgeëmployeerdes).

### 3.6 WERKAKTIWITEITE

Die vraag na en aanbod van veeartse hang ook in 'n mate saam met die oor- en/of onderbenutting van die tyd van die huidige korps, wat 'n

aanduiding kan gee of veeartse spaarkapasiteit het, oorbeset is of werk doen wat deur 'n laer gekwalifiseerde persoon gedoen kan word. Respondente is dus versoek om die getal ure wat hulle gemiddeld per maand aan bepaalde werkkategorië bestee, aan te dui. Volgens die gegewens varieer die getal ure wat voltydse veeartse werk van 130 uur tot 243 uur per maand. Stedelike privaatpraktisyns werk gemiddeld 238 uur en landelike praktisyns 243 uur per maand. Veeartsenykundige werknemers in die staatsdiens en ander organisasies werk van 130 tot 193 uur per maand. Dit blyk dat in privaatpraktyke moontlik ruimte is vir meer veeartse.

Vir vergelykingsdoeleindes is die persentasie tyd wat aan verskillende werkkategorië bestee word, bereken volgens die getal persone in elke kategorie. Die getal veeartse wat aangedui het dat hulle tyd aan 'n werkkategorie bestee, word in die tabelle aangedui.

TABEL 3.11  
GEMIDDELDE PERSENTASIE TYD PER MAAND WAT DEUR VOLTYDSE VEEARTSE AAN WERKAKTIWITEITE BESTEE WORD

(a) Privaatpraktisyns volgens geografiese area

Werkkategorie	Stedelik N=198		Platteland N=173		Semi-stedelik N=19		Area nie aangedui N=57	
	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %
<b>Behandeling van siek diere:</b>								
Beeste	74	2,0	155	16,5	14	9,5	25	4,3
Skape/varke	60	0,5	149	4,4	10	2,0	22	1,8
Perde	75	3,4	148	4,3	14	8,8	25	4,5
Pluimvee	41	0,2	81	0,4	3	0,1	15	0,1
Troeteldiere	185	61,5	156	24,1	17	43,7	52	60,5
Ander	17	0,1	25	0,5			4	<0,1
<b>Siektevoorkoming:</b>								
Vee, perde, pluimvee	46	1,7	146	16,1	12	5,6	16	4,6
Troeteldiere	109	11,4	117	4,9	11	7,3	39	10,8
Ander	8	0,2	10	0,2			2	-
<b>Veeverbetering:</b>	25	0,5	92	3,9	4	0,6	9	1,0
<b>Opleiding van studente</b>	27	0,2	38	0,6	3	0,7	8	0,1
<b>Navorsing</b>	22	0,2	35	0,4	2	0,4	7	0,1
<b>Inspeksie/beheer/kontrole</b>	33	1,0	68	2,0	3	1,0	9	0,5
<b>Administrasie</b>	150	7,1	145	5,9	15	6,6	29	3,0
<b>Formele studie</b>	30	1,4	38	0,5			10	1,0
<b>Informele studie</b>	125	3,8	125	2,5	11	2,3	41	3,5
<b>Reis</b>	105	3,9	145	12,6	16	11,2	28	3,5
<b>Ander</b>	11	0,9	21	0,2	1	0,2	2	0,6

(b) Werknemers volgens werkgewer

Werkaktiwiteit	Dept. Landbou en watervoorsiening N=55		Dept. Landbouekon. en bemarKing N=98		SA Weermag N=45		Ander Staatsdeparte. N=29		Private Mpy N=38		Universiteit N=86		Ander diverse werkgewer N=49		Private praktyk N=66	
	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %	N	Gem. %
Behandeling van siek diere:																
Beeste	15	1,5	44	2,9	18	8,4	17	8,4	8	2,9	30	3,2	11	1,7	28	3,6
Skape/varke	12	1,2	39	1,6	17	3,7	13	3,0	6	0,5	24	1,6	13	1,3	24	1,4
Perde	11	0,4	27	0,3	22	7,4	7	0,3	3	0,9	22	3,1	15	1,1	28	2,4
Pluimvee	9	0,2	28	0,3	12	0,4	9	0,4	8	3,3	9	0,4	6	0,2	17	0,1
Troeteldiere	14	2,5	39	2,0	24	12,8	12	4,1	5	1,3	28	9,9	15	11,8	63	62,1
Ander	5	0,3	4	0,2	5	1,8	4	0,4	2	0,1	6	0,2	11	7,4	3	<0,1
Siektevoorkoming:																
Vee, perde, pluimvee	23	11,4	58	12,3	22	4,9	18	15,2	17	11,2	20	1,4	20	12,2	19	4,1
Troeteldiere	9	0,4	35	1,4	16	1,8	11	1,5	4	1,1	19	1,0	10	2,4	43	10,7
Ander	4	<0,1	9	0,7	1	0,1	1	<0,1	1		3	0,1	10	3,0	2	<0,1
Veeverbetering	4	0,5	40	4,3	11	2,1	10	3,9	10	6,2	11	0,4	11	2,3	12	0,6
Opleiding van studente	13	1,8	42	3,6	16	4,7	7	1,6	8	0,5	79	30,3	14	1,3	10	0,1
Navorsing	39	33,3	36	2,8	11	5,7	7	3,3	22	16,9	70	14,9	15	8,3	9	0,2
Inspeksie/beheer/kontrole	24	6,3	78	18,6	21	9,1	21	19,1	18	11,2	24	2,1	31	14,0	11	0,8
Administrasie	41	23,5	89	27,2	28	13,6	24	17,7	29	18,8	72	13,1	35	15,2	38	3,5
Formele studie	14	2,7	16	1,9	10	0,8	3	0,2	6	1,6	35	5,5	2	0,8	14	0,9
Informele studie	28	5,3	66	4,5	22	4,0	17	3,5	23	5,8	47	4,9	21	4,1	53	3,9
Reis	27	4,2	78	10,1	26	14,4	22	10,9	25	10,0	35	3,6	36	12,0	38	4,4
Ander	8	4,5	21	5,3	6	5,3	5	6,5	11	7,6	27	4,3	6	0,8	4	1,1

Volgens tabel 3.11 (b) word byna die helfte van die tyd van veeartse (45,6 %) aan die behandeling van siek troeteldiere bestee en kry die oorgrote meerderheid (91,7 %) van hulle hiermee te doen. Hoewel landelike praktisyns minder tyd as stedelike en semi-stedelike praktisyns aan die behandeling van siek troeteldiere bestee, word nog byna 'n kwart van die tyd van veeartse op die platteland aan die behandeling van siek troeteldiere bestee, terwyl heelwat minder tyd aan die behandeling van groot diere bestee word (tabel 3.11 (a)). Dit is opvallend dat 'n relatief klein persentasie van die tyd van veeartse in stede sowel as op die platteland aan siektevoorkoming bestee word. In 1977 het die SAVV ten opsigte van siektevoorkoming aanbeveel dat "die landelike praktisyn sekerlik beter benut kan word as wat tans die geval is, veral as in ag geneem word dat in lande waar Tering en Brucellose reeds uitgeroei is, die privaatpraktisyn 'n reuse aandeel gehad het" (SAVV, 1977 : 17). Op grond van die tyd wat landelike praktisyns aan hierdie werkaktiwiteit bestee, lyk dit asof daar in 'n mate vordering gemaak is, maar waarskynlik nog nie na wense nie. As in aanmerking geneem word dat volgens tabel 3.11 (b) staatsveeartse ook betreklik min tyd aan siektevoorkoming bestee, blyk dit dat hier ruimte vir verbetering is. Relatief min tyd word ook aan veeverbetering bestee. Hierdie aangeleentheid word waarskynlik beskou as die taak van die veekundige.

In elke professionele beroep is daar sekere take wat die tyd van 'n hooggekwalifiseerde persoon in beslag neem, wat moontlik deur iemand met 'n laer of ander kwalifikasie net so goed gedoen kan word. Veeartse is versoek om aan te dui watter werkaktiwiteite deur 'n persoon met 'n ander kwalifikasie as die van veearts gedoen sou kon word en watter persentasie van hulle tyd daardeur gespaar sou kon word. In volgorde van hoeveelheid tyd wat gespaar kan word, het hulle die volgende werkaktiwiteite genoem : administratiewe take, verpleging, inenting, inspeksie, roetinewerk, teringtoetse, toediening van medisyne, neem van X-strale, voorbereiding vir chirurgie, laboratoriumwerk, en 'n hele reeks ander werkaktiwiteite, waar deur van die dienste van iemand anders gebruik te maak, 'n baie klein persentasie van hulle tyd gespaar kan word. Werknemers het aangedui dat gemiddeld tussen 9 % en 17 % van hulle tyd gespaar sou kon word. Persone in privaatpraktyk sou tussen 5 % en 11 % van hulle werk aan iemand anders kon oordra. Die gegewens dui dus daarop dat daar nie 'n wesentliche wanbenutting van veeartse is nie en dat veeartse self van mening is dat min van hulle werk deur iemand anders gedoen kan word.

## HOOFSTUK 4

### VRAAG NA EN AANBOD VAN VEEARTSE EN VERWANTE BEROEPSBEOEFENAARS

#### 4.1 INLEIDING

As gevolg van die gebrek aan beskikbare data is dit nie moontlik om 'n akkurate raming te maak van die toekomstige vraag na en aanbod van veeartse nie. Om 'n raming van die huidige en toekomstige vraag na veeartse te maak, is problematies omdat die potensiele uitbreiding of vermindering van private praktyke nie sonder meer bepaal kan word nie. Privatisering van owerheidsveeartsenykundige dienste kan die moontlikhede vir privaat praktisering verhoog, maar in watter mate hierdie verandering die behoefte aan veeartse beïnvloed, kan nie met beskikbare gegewens geraam word nie. Huidige vakante poste by werkgewers en toekomsverwagting vir uitbreiding of inkrimping van dienste kan as riglyne dien met inagnome van tendense in die veestapel en troeteldierbevolking wat die vraag na veeartse verder kan beïnvloed. Om die aanbod van veearts en van persone wat verwante dienste lewer, te bepaal, is gebruik gemaak van die mannekragopnames van die Departement van Mannekrag, Sensusopnames, die register van die Veterinêre Raad, die RGN-register van gegradueerdes, gradueringsyfers en inligting wat van individuele veeartse, werkgewers en die Departement Ontwikkelingshulp verkry is. Op grond van hierdie gegewens kan 'n raming gemaak word van die moontlike getalle wat in die toekoms beskikbaar mag wees.

#### 4.2 AANBOD VAN VEEARTSE

In figuur 4.3 word aangedui dat die aanbod van veeartse bestaan uit die huidige korps (gebaseer op die getal geregistreerde veeartse) en nuwe toetreders (getal pas gegradueerdes plus gegradueerdes wat na diensplig tot die arbeidsmark toetree) minus veeartse wat die beroep verlaat as gevolg van beroepsverandering of uitdienstreding, emigrasie of sterftes plus immigrante. Volgens die 1985 sensusopname het 4 veeartse gedurende die voorafgaande jaar geëmigreer, terwyl 5 buitelandse veeartse hulle in die RSA kom vestig het. Migrasie het dus in daardie jaar nie 'n wesentlike invloed op die getal veeartse in die RSA gehad nie. Vyf veeartse het tydens die tydperk gesterf. Hierdie syfer is proporsioneel so klein dat dit vir alle praktiese doeleindes buite rekening gelaat kan word.

Volgens die jongste beskikbare gegewens is 1501 veeartse geregistreer by die Veterinêre Raad. Vraelyste is aan al hierdie veeartse sowel as aan 120 addisionele persone wie se name op die RGN-Register van gegradueerdes verskyn en 'n kwalifikasie in veeartsenykunde het, gestuur. Uit die adresse asook uit teruggesende vraelyste word afgelei dat ongeveer 3 % van die veeartse wat by die Veterinêre Raad geregistreer is, in die buiteland is. Volgens raming (vergelyk paragraaf 2.2) was ongeveer 15 % van die geregistreerde veeartse nie in 1987 in

die RSA praktiserend nie. Die huidige getal praktiserende veeartse word dus volgens die onderhawige ondersoek geraam op 1378. Volgens die Mannekragopname van 1985 was die getal veeartse in die RSA in daardie jaar 1362 (tabel 4.1).

TABEL 4.1  
GETAL VEEARTSE IN DIE RSA VOLGENS MANNEKRAGOPNAMES

Jaartal	Manlik	Vroulik	Totaal
1975	427	7	434
1977	549	18	567
1979	549	19	568
1981	1187	71	1258
1983	1331	52	1383
1985	1328	34	1362


Gradueringtendense is bepaal volgens die getal grade wat deur die Universiteit van Pretoria toegeken is. Hierdie gegewens word in tabel 4.2 aangedui.

TABEL 4.2  
GETAL BLANKE PERSONE WAT 'N GRAAD IN  
VEEARTSENYKUNDE ONTVANG HET

Jaartal	Manlik	Vroulik	Totaal
1979	60	16	76
1980	65	13	78
1981	67	16	83
1982	70	13	83
1983	59	14	73
1984	62	15	77
1985	76	15	91


Aanvulling van die huidige korps deur middel van afstudering van studente het vanaf 1981 tot 1985 toegeneem met 9,6 % ('n gemiddelde jaarlikse toename van 2,4 %).

FIGUUR 4.1  
GETAL VOLTYDSE POSTE VIR VEEARTSE 1982 - 1987 - 1995






FIGUUR 4.2  
VERWAGTE GROEI IN GETAL STUDENTE WAT GRAAD IN VEEARTSENYKUNDE SAL BEHAAL



FIGUUR 4.4

RAMING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN VEEARTSE IN 2000



Die vraag is egter of die huidige getal beskikbare veeartse aan die behoeftes voldoen. Volgens internasionale standaarde (vasgestel deur die Voedsel en Landbouorganisasie (VLO) van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) behoort die verhouding van veeartse tot diere-eenhede in ontwikkelende lande 1:30 000 en vir ontwikkelde lande 1:5 000 te wees.

TABEL 4.3  
VEEGETALLE IN DIE RSA EN SELFREGERENDE STATE\*

Soort diere	Getal in 1986
Beeste	10 314 617
Skape/bokke	31 019 230
Perde	209 605
Donkies/Muile	116 597
Varke	1 031 925
Honde	1 442 628
<b>TOTAAL</b>	<b>44 134 602</b>

\* RSA veegetalle : 18

Volgens die sensus van veegetalle van 1986 was die totale dierebevolking (katte en ander troeteldiere, behalwe honde, uitgesluit) 44 miljoen in die RSA en omliggende swart state. Volgens die voorgaande berekening is die verhouding dus ongeveer 1:32 000. Volgens die 1975/76 sensus was die verhouding 1:43 000. Hierdie verhoudings kan egter nie sonder meer vergelyk word nie omdat honde in die 1975/76 sensus uitgesluit en hoenders ingesluit was terwyl hoenders in die 1986 sensus uitgesluit en honde ingesluit was.

#### 4.3 VRAAG NA VEEARTSE

Om die vraag na veeartsenykundige dienste te ondersoek, is daar twee invalshoeke: (i) die vraag na veeartsenykundige dienste en (ii) die vraag na opgeleide veeartse om hierdie dienste te lewer. Die vraag na veeartse word in mindere of meerdere mate beïnvloed deur privatisering van owerheidsdienste wat nie alleen 'n verskuiwing van werknemers na privaatpraktisyns meebring nie maar ook verandering in die aard van die dienste wat verlang word.

Verder word die vraag na veeartsenykundige dienste en gevolglik die vraag na opgeleide veeartse beïnvloed deur:

- \* skommeling in die ekonomie en kulturele assimilasië wat die aard van die dienste wat van veeartse verwag word en daarmee saam die vraag grootliks beïnvloed. Kulturele assimilasië kan tot gevolg hê dat bevolkingsgroepe wat volgens eie tradisie nie van 'n veearts gebruik gemaak het nie, in die toekoms 'n groter behoefte aan sodanige dienste kan ontwikkel;

- \* verandering in die dierebevolking as gevolg van droogtes, ekonomiese opbloei of agteruitgang en munisipale regulasies;
- \* veranderinge in die geografiese verspreiding van mense en diere;
- \* periodieke voorkoms van siektetoestande en beskikbaarheid van suksesvolle teenmiddels en
- \* 'n behoefte aan navorsing. Die behoefte aan meer navorsing op bepaalde terreine van die veeartsenykunde sal die vraag na navorsers ook vergroot.

Volgens die gegewens verkry van 183 werkgewers het die getal beskikbare poste vir veeartse by alle werkgewers toegeneem vanaf 1982 tot 1987. Die gemiddelde jaarlikse toename was 13,2 % (tabel 4.4). Die grootste toename was gedurende die jaar 1984 tot 1985 toe die getal poste met 28 % toegeneem het. Die persentasie vakante poste het vanaf 1982 tot 1986 gewissel tussen 7 % en 9 % maar in 1987 was die persentasie vakatures 12 %. Gedurende die vyf jaar van 1982 tot 1987 het die persentasie vakante poste in die owerheidsektor afgeneem van 19 % tot 13 % terwyl die persentasie vakante poste in die nywerheid en privaat praktyke toegeneem het van 3 % en 2 % tot 16 % en 9 % onderskeidelik. Hierdie situasie kan waarskynlik aan die ekonomiese klimaat (vanaf 1980 tot 1985 het die BNP met 'n faktor van 6,5 afgeneem volgens statistiek deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel) en die droogtetoestande wat veroorsaak het dat die dierebevolking met 1 % afgeneem het (RSA, 1987), toegeskryf word. Werknemers het in hierdie omstandighede groter sekuriteit in die owerheidsektor. Van die Direkteur van Veeartsenydiens is verneem dat sedert daar 'n geringe opbloei in die ekonomie was gedurende 1987/1988, het die persentasie vakante poste in die Direktoraat Veeartsenydiens vinnig toegeneem omdat baie werknemers privaat gaan praktiseer het. Laasgenoemde is 'n bevestiging van die beroep se gevoeligheid vir skommeling in die ekonomie. Emigrasie mag ook verantwoordelik wees vir die styging in die getal vakante poste in die privaatsektor (3 % van die getal geregistreerde veeartse het voor die aanvang van die ondersoek die RSA verlaat, wat nagenoeg ooreenkom met die emigrasiesyfers van die RSA, naamlik 2,5 %).

TABEL 4.4  
 GERAAMDE GROEI IN VRAAG NA VOLTYDSE VEEARTSENYKUNDIGE WERKNEMERS (1982-2000 :  
 (Werklike getalle soos deur werkgewers verstrek, aangepas op 'n reguitlyn)

Poste	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1990	1995	2000
	N	N	N	N	N	N	N	N	N
Veeartse :									
Poste beskikbaar	145	151	158	164	171	177	196	228	260
Poste vakant	28	35	42	49	56	63	84	119	155
Veeartseny tegnisi:									
Poste beskikbaar	85	87	89	92	94	97	104	116	129
Poste vakant	12	15	17	19	22	24	31	42	54
Veeartseny verpleegkundiges:									
Poste beskikbaar	89	92	95	98	101	104	112	127	142
Poste vakant	6	10	14	18	22	27	39	60	80

TABEL 4.5

## BESKIKBARE EN VAKANTE POSTE VIR VOLTYDSE VEEARTSENYKUNDIGE WERKNEMERS VOLGENS SEKTOR

	Owerheid N=38**			Nywerheid N=20**			Privaat praktyk N=107**			Totaal * N=183**		
	Poste	Vakante	poste %	Poste	Vakante	poste %	Poste	Vakante	poste %	Poste	Vakante	poste %
1982	145	28	19,3	33	5	3,0	192	15	2,1	394	34	8,6
1983	153	24	15,7	32	5	3,1	199	15	1,5	411	33	8,0
1984	158	27	17,1	34	6	5,9	210	16	1,9	436	39	8,9
1985	274	38	13,9	33	6	6,1	219	16	1,4	558	42	7,5
1986	297	41	13,8	36	8	11,1	226	20	2,2	595	51	8,6
1987	317	42	13,2	38	10	15,8	252	34	9,1	654	72	11,0
Verwag- ting vir 1992	319			38			292			704		

\* Die totaal sluit ook werkgewers in waar die getalle te klein was vir berekening van persentasies.

\*\* Getal werkgewers wat getalle aangedui het

Volgens aanduidings deur 40 werkgewers wat 'n toename verwag in die getal veeartse wat hulle binne die volgende 5 jaar in diens sal neem, sal die toename oor vyf jaar ongeveer 6 % wees. Dit beteken dat die 40 werkgewers in 1992 260 veeartse in diens sal kan neem. Meer as driekwart (77 %) van die werkgewers wat 'n toename in hulle getal beskikbare poste verwag, was in die privaatsektor (tabel 4.5).

Regressie-analise is toegepas op 'n tydreeks van die getal studente wat van 1979 tot 1985 'n Baccalaureus-graad ontvang het. Hierdie getalle is aangepas op 'n reguitlyn en 'n raming is gemaak vir die jaar 1992. Die persentasie jaarlikse saamgestelde kontinue groei tot 1992 word bereken op 1,2 %. Indien alle ander veranderlikes konstant bly, word dus nie 'n dramatiese verandering in die toevloei van nuwe toetreders verwag nie. Die mediaan-ouderdom van die werknemers in die respondentegroep was 35 jaar. Onder normale omstandighede word 'n groot aantal vakatures as gevolg van uittrede met pensioen of afsterwe van werknemers dus nie verwag nie. Regressie-analise is toegepas op die getal beskikbare voltydse poste deur 183 werkgewers aangedui oor 'n tydperk van vyf jaar (figuur 4.2). (Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie tydreeks relatief kort is en die 183 werkgewers nie die universum van werkgewers van veeartse verteenwoordig nie. Slegs tendense word aangedui en getalle moet nie as reël beskou word nie.) Aangepas op 'n reguitlyn, word geraam dat die getal beskikbare poste by hierdie werkgewers in die jaar 2000 113 % van die 1987 korps sal wees. Bereken volgens die geraamde getal veeartse in 1987, beteken dit 1557 poste ('n jaarlikse saamgestelde kontinue groei van 5,8 %). Die grootste groeikoers sal volgens raming gedurende die jare 1987 tot 1990 ervaar word (7,7 %). Volgens raming sal die jaarlikse getal vakante poste met 'n saamgestelde kontinue koers van 7,6 % toeneem van 1987 tot 2000.

Omdat daar egter 'n veelheid van veranderlikes is wat die behoefte aan uitbreiding en/of vermeerdering van privaatpraktyke beïnvloed, kan nie presies geraam word wat die omvang van uitbreiding in privaatpraktyke sal wees nie.

Die verwagting is, volgens die Direkteur van Veeartsenydiens, dat daar 'n groot vraag na die dienste van veeartse in die swart state is

en dat die vraag in die toekoms sal toeneem. Die geringe toename in die Asiër, kleurling en swart kliënte van veeartse gedurende die afgelope vyf jaar toon egter dat daar nie 'n groot toename in die vraag na nie-blanke veeartse verwag kan word nie. Inligting wat van die Departementonwikkelingshulp ontvang is, dui op 'n behoefte aan ongeveer 30 staatsveeartse in die selfregerende state.

Groter kuddegeoriënteerdheid van plattelandse praktyke en meer klem op voorkomende in plaas van remediërende dienste, soos blyk uit die gegewens van die ondersoek, sal waarskynlik die vraag na veeartse in 'n mate temper. Die moontlikheid dat meer gebruik gemaak word van veekundiges om verbeterde boerderypraktyke te bevorder en sodoende siektes te voorkom, moet ook nie uit die oog verloor word nie - dit sal ook waarskynlik die vraag na veeartse op die platteland beïnvloed.

Veeartse in die respondentegroep was ongeveer gelykop verdeel tussen stedelike en plattelandse praktyke met 'n klein oorwig in stedelike praktyke. Byna twee derdes van die pasiënte van veeartse in die respondentegroep is troeteldiere. In watter mate die behoefte aan die voorkoming of die behandeling van siektes onder troeteldiere sal toeneem, kan nie met beskikbare gegewens bepaal word nie.

Uit die voorgaande is dit egter duidelik dat indien huidige omstandighede voortduur, die vraag na veeartse oor die volgende ongeveer 10 jaar nie met die huidige tempo van opleiding bevredig sal kan word nie.

Om 'n aanduiding te kry van die redes waarom vakante poste nie gevul kan word nie, is werkgewers wat probleme ervaar om vakante poste te vul, versoek om op 'n vyfpunt-skaal aan te dui in watter mate sekere faktore daartoe bydra (5= baie en 1= glad nie).

TABEL 4.6  
PERSENTASIE JAARLIKSE SAAMGESTELDE KONTINUE GROEI

Poste	1982-1987	1987-1990	1990-1995	1995-2000	1987-2000
	%	%	%	%	%
<b>Veeartse:</b>					
Poste beskikbaar	4,0	3,4	3,0	2,6	3,0
Poste vakant	16,2	9,6	7,0	5,3	6,9
<b>Veeartsenytegnici</b>					
Poste beskikbaar	2,6	2,3	2,2	2,1	2,2
Poste vakant	3,7	2,4	2,4	2,2	2,3
<b>Veeartsenyverpleegkundiges:</b>					
Poste beskikbaar	3,1	2,5	2,5	2,2	2,4
Poste vakant	30,1	12,3	8,6	5,8	8,4

TABEL 4.7

FAKTORE WAT DAARTOE BYDRA DAT WERKGEWERS NIE VAKATURES KAN VUL NIE

Faktore	N	Gem	S*
Daar word nie genoeg mense opgelei nie	57	2,5	1,2
Geskikte personeel verkies om in eie diens te werk	52	2,5	1,2
Geskikte personeel verkies om te werk waar hulle 'n groter inkomste kry	57	3,6	1,6
Opgeleide mense stel nie belang in die soort werk wat die organisasie doen nie	57	2,7	1,3
Te min bevorderingsgeleenthede in die organisasie	51	2,2	1,1
Professionele personeel hou nie van die baie administratiewe werk wat hulle moet doen nie	52	2,2	1,1

\* Standaardafwyking

Uit tabel 4.7 blyk dat 'n lae inkomste die belangrikste faktor is wat daartoe bydra dat werkgewers probleme ondervind om vakatures te vul.

#### 4.4 VRAAG EN AANBOD VAN VEEARTSENYKUNDIGE ASSISTENTE

Uit die gegewens wat werkgewers verstrek het, blyk dat die getal beskikbare poste vir veeartsenytegnici vanaf 1982 tot 1985 toegeneem het van 85 tot 97 (15,3 % oor die hele periode). Daarteenoor het die vakante poste verdubbel (van 12 in 1982 tot 24 in 1987). Indien hierdie tendens voortduur, sal die persentasie vakante poste in die jaar 2000 by 183 werkgewers alleen 42 % wees. Volgens raming sal daar in die jaar 2000 129 poste vir veeartsenytegnici wees by die werkgewers wat aan die ondersoek deelgeneem het (tabel 4.4). Dit beteken dat daar by hierdie werkgewers na verwagting 54 vakante poste sal wees.

Volgens die 183 werkgewers wat besonderhede verstrek het, is die situasie van veeartsenykundige verpleegkundiges nog meer kritiek as dié van tegnici. Hoewel die getal beskikbare poste toegeneem het van 89 tot 104 (16,9 % oor die tydperk van 1982 -1987) het die getal vakante poste meer as vervierdubbel (tabel 4.3) en sal 56 % van die 142 beskikbare poste in die jaar 2000 na raming vakant wees (dit is 80 poste).



## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Op grond van die gegewens word die volgende gevolgtrekkings gemaak.

#### 5.1 BEROEPSBEOEFENING

5.1.1 'n Redelike klein persentasie (15 %) veeartse het nagraadse kwalifikasies in veeartsenykunde. Daar is dus nie baie veeartse wat deur middel van formele studie spesialiseer nie. Daar word aanbeveel dat die beskikbare navorsingsfasiliteite aan praktiserende veeartse beter bekendgestel word en hulle aangemoedig word om meer gebruik te maak van die fasiliteite met die oog op die verwerwing van nagraadse kwalifikasies.

5.1.2 Die meeste privaatpraktisyns is verbonde aan praktyke waarby meer as een veearts betrokke is. Hierdie tendens skep geleentheid vir spesialisasie en strek waarskynlik tot voordeel van die beroep.

5.1.3 Driekwart van die werknemers is verbonde aan staats- en semi-staatsinstellings. Behalwe vir privaatpraktisyns trek die privaatsektor nie baie veeartsenykundige werknemers nie. Hierdie neiging sal waarskynlik verander met die huidige privatiseringsbeleid van die staat.

5.1.4 Min praktyke het slegs spreekkamers. Die oorgrote meerderheid maak gebruik van óf 'n hospitaal óf 'n kliniek of albei. Hierdie fasiliteite wat deur privaatpraktisyns beskikbaar gestel word, strek ook tot voordeel van die beroep.

5.1.5 Praktyke is min of meer eweredig verdeel tussen stedelike en landelike praktyke. As die veestapel van die RSA en omliggende streke in aanmerking geneem word, dui hierdie verspreiding waarskynlik op 'n wanverhouding, met ander woorde daar is meer veeartsenykundige dienste in die landelike gebiede nodig.

5.1.6 Relatief min van die veearts se tyd word aan siektevoorkoming bestee. In die lig van die moderne neiging om op alle mediese terreine groter klem te laat val op siektevoorkoming as op remediëring, kan daar ook op veeartsenykundige gebied ernstig aandag hieraan gegee word. Navorsing om spesifiek verdere moontlikhede van siektevoorkoming deur die privaatpraktisyn te ondersoek is waarskynlik wenslik.

#### 5.2 VRAAG EN AANBOD

5.2.1 'n Groot groep werkgewers wat tans geen veeartse in diens het nie, is van plan om binne die volgende vyf jaar veeartse in diens te neem. Hoe groot hierdie uitbreiding in reële getalle sal wees, kan egter nie met die beskikbare gegewens bepaal word nie.

- 5.2.2 Omdat die werkgewers wat aan die ondersoek deelgeneem het, nie die universum van werkgewers van veeartse in die RSA en omliggende state verteenwoordig nie, kan reële getalle nie geraam word nie, maar slegs tendense aangedui word.
- 5.2.3 In die lig daarvan dat 'n gebrek aan die nodige tydreeks en statistieke 'n presiese bepaling van die vraag na veeartse gekortwiek het, word aanbeveel dat 'n monitorstelsel ingestel word om deurlopend die werksituasie van veeartse te boekstaaf. Beplanning sal aansienlik hierdeur vergemaklik word.
- 5.2.4 Die behandeling van siek troeteldiere vorm 'n belangrike deel van die werklading van privaatpraktisyns veral in stedelike en semi-stedelike gebiede en het in die vyf jaar voor die ondersoek in geringe mate in proporsie toegeneem. Daar was deurgaans 'n afname in die persentasie wat melk- en vleisbeeste van die pasiëntelading van praktisyns uitgemaak het. In die algemeen is die oorgrote meerderheid praktisyns aan gemengde praktyke verbonde.
- 5.2.5 Omdat die troeteldierbevolking só 'n belangrike rol speel in die vraag na veeartse, is dit nodig dat alle troeteldiere en nie net honde nie, in sensusopnames gereflekteer word.
- 5.2.6 Veeartsenykundige dienste is besonder gevoelig vir ekonomiese skommeling en klimaatstoestande wat relatief onbepaalbaar is. Demografiese eienskappe en verstedeliking speel ook 'n belangrike rol. Hoewel verstedeliking nie in hierdie verslag in aanmerking geneem is nie, word 'n tekort van ongeveer 83 werknemers by 183 werkgewers vir die jaar 2000 geraam teen die huidige koers van vakante poste. Internasionale migrasie het nie 'n wesenlike invloed op die getal veeartse in die RSA nie en daar word geraam dat die huidige beskikbare opleidingsfasiliteite nie sal voorsien in die vraag na veeartse teen die draai van die eeu nie.
- 5.2.7 Volgens die gegewens het daar oor die afgelope vyf jaar nie 'n groot verandering in die bevolkingsgroep wat deur veeartse bedien word, gekom nie. Daar is wel 'n geringe verskuiwing van blanke na nie-blanke kliënte. Die getal nie-blanke veeartse is egter tans nog te klein om ramings in die verband te doen. Om die getal veeartse wat benodig word om die nie-blanke bevolking in stedelike gebiede in die RSA en in die omliggende streke te bedien, te bepaal, sal 'n deurtastende ondersoek van die huidige en verwagte toekomstige behoeftes nodig wees. Inligting wat van die Departement Ontwikkelingshulp verkry is, dui op 'n behoefte aan ongeveer 30 veeartse wat deur die selfregerende state in diens geneem kan word. 'n Groot persentasie van hierdie poste word tans deur middel van sekondering van weermag-lede gevul. Wier bekendstelling aan alle bevolkingsgroepe van die waarde van veeartsenykundige dienste sal ook 'n invloed hê op die mate waarin van die dienste van veeartse in die toekoms gebruik gemaak word.
- 5.2.8 Die huidige korps van praktiserende veeartse is betreklik jonk. 'n Groot verlies op grond van uittrede uit die beroep by die bereiking van pensioenouderdom word dus nie verwag nie. Derhalwe behoort daar in

die volgende twintig jaar nie veel veranderinge in die huidige korps te kom nie.

5.2.9 Uittrede uit die beroep van veearts om 'n ander beroep te beoefen, kom nie baie algemeen voor nie. Dié wat wel ander beroepe beoefen, benut hulle veeartsenykundige kennis en het meestal die beroep verlaat as gevolg van persoonlike redes.

5.2.10 Daar is by landelike praktisyns 'n sterk neiging tot meer kudde- as enkeldierbehandeling en die verwagting is dat hierdie tendens sal voortduur en selfs in momentum sal toeneem. Dit sal in landelike gebiede lei tot uitbreiding van die dienste van veeartse. Stedelike praktisyns verwag uitbreiding van hulle dienste as gevolg van bevolkingsgroei en verstedeliking. Kwantifisering van hierdie uitbreiding is egter nie moontlik met die beskikbare gegewens nie.

5.2.11 Die meeste privaatpraktisyns werk baie lang ure en volgens hulle kan min van hulle werkaktiwiteite deur iemand wat nie as veearts opgelei is nie, gedoen word. Die gevolgtrekking word gemaak dat daar nie 'n wesenlike onder- of wanbenutting van veeartse is nie, maar dat daar wel ruimte is vir werkverdeling onder veeartse.

5.2.12 Volgens raming sal daar in die jaar 2000 ongeveer 54 vakante poste vir veeartsenytegnici en ongeveer 80 vir veeartsenykundige verpleegkundiges by 183 werkgewers wees. Kwalifiseringstendense vir hierdie assistente was ongelukkig nie beskikbaar nie en 'n raming van die voorsiening in die behoefte kon dus nie gemaak word nie.

5.2.13 Hierdie ondersoek was slegs eksploratief. Leemtes in die beskikbare gegewens oor veeartse is onder andere hierdeur geïdentifiseer. Verdere en deurlopende navorsing en rekordhouding deur veeartse en werkgewers sal nodig wees om meer akkurate ramings te maak.

## BRONNELYS

RSA, Bevolkingsensus, 1985 Perskor : 1985 (Kernstatistieke).

RSA, Kernstatistieke, 1987 Sentrale Statistiekdiens : 1987.

RSA, Veegetalle, einde Maart 1986 Departement van Landbou en Watervoorsiening : 1977.

SAVV, Knelpunte in die daarstelling en ontplooiing van veeartsenykundige dienste in die platteland Februarie 1977.

WISE, J.K. & KUSHMAN, J.E. US Veterinary Medical Manpower Study: Demand and Supply from 1980 tot 2000. JAVMA, American Veterinary Medical Association : 187 (4) August 1985.

WISE, J.K. & KUSHMAN, J.E. Pet ownership by life group JAVMA, 185 (6) 15 September 1984.



10/1/00 200.00  
Cash on hand 200.00

10/1/00 200.00

200.53

ISBN 0 7969 0767 6

R20,53